UITDAGINGS AAN GEMEENTES *rondom* VERANTWOORDELIKE RENTMEESTERSKAP

MONTY SAHD

Monty Sahd is 'n lid van die dagbestuur van die Sinodale Fondsekommissie in die Wes- en Suid-Kaap en predikant by die NG gemeente Stellenbosch-Welgelegen.

In aansluiting by die vorige artikel in *Kruisgewys* oor die skep van 'n kultuur van rentmeesterskap binne gemeentes en faktore wat daarop 'n invloed het, wil ek graag na die enkele uitdagings wat die skep van sodanige kultuur aan gemeentes stel, verwys. Ek sluit ten nouste aan by George Barna se opmerkings in die slothoofstuk van sy boek **How to increase giving in your church (**1997**).**

Die skep van 'n kultuur van rentmeesterskap binne 'n gemeente is 'n proses wat deur verskillende faktore beïnvloed word en op verskillende vlakke binne die gemeentesisteem gerealiseer moet word. Deel van die skep van so 'n kultuur is die motivering en gesindheid wat lidmate daartoe beweeg om hulle tyd, gawes en geld tot die Here se beskikking te stel. Hier beweeg 'n mens op die terrein van die sogenaamde sagte probleem oplossings waar daar gekyk word na oortuigings, waardes, Godsbegrip, ervarings, motiewe en wêreldbeskouings. Die uitdaging op hierdie vlak is om 'n omgewing te skep en 'n denkraamwerk daar te stel waar mense opgeroep word om as verantwoordelike rentmeesters te dink en op te tree. Hierdie proses sal onder andere die volgende aspekte in berekening moet bring:

Rentmeesterskap is 'n oproep tot lewenstransformasie en nie organisatoriese oorlewing nie. 1

Die doel van die skep van 'n kultuur van rentmeesterskap is die bevordering van die koninkryk van God in sy volle omvang en implikasies vir transformasie op persoonlike, gemeentelike en gemeenskapsvlak. Dat die Here ook organisasies gebruik, is nie te betwyfel nie, maar die fokus val op 'n lewensveranderende bediening wat die eer van God ten doel het. Rentmeesterskap behels die investering van mense en middele om God se koninkryk te laat kom.

Lidmate gee eerder vir mense en betekenisvolle sake as institute of programme. 2

Wanneer lidmate ontdek dat hulle self bedienaars van die veelvuldige genade van God is, word rentmeesterskap aktueel en inspirerend beleef. Hulle ontdek dan dat die benutting van hulle tyd, geld en gawes juis ten nouste saamhang met die diepste doel van hulle bestaan naamlik om die Here te ken, lief te hê en te dien met alles wat hulle is en het. Die wyse waarop hierdie liefde vir die Here tot openbaring kom, is deur liefde aan en uitreik na mense. Programme en organisasies is 'n middel tot 'n doel; die doel is die groei na Christus toe.

3 ’n Visielose kerk is ’n armoedige kerk.

Die uitgangspunt wat hier ter sprake kom, is dat God se visie vir die wêreld en die doel wat Hy deur die bediening van die kerk wil bereik, lidmate sal motiveer om verantwoordelike rentmeesters te wees. “Vision motivates people to action. The people who develop an unwavering sense of commitment to a ministry are most often those who have been exposed to God’s vision for the ministry of the church” (Barna:110-111).

4 Vertel die verhale met ’n gees van nederigheid en dankbaarheid.

Wanneer die Here deur die bediening van ’n betrokke gemeente iets goed en opbouend tot stand gebring het, moet daar dankbaarheid by die gemeente heers dat die Here hulle wel gebruik het en deur hulle ’n verskil gemaak het. Tegelykertyd moet daar die erkentlikheid by die gemeente heers dat dit eintlik die Here self was wat die verandering en verskil bewerkstellig het. Die geleentheid moet geskep word waar mense die genot ervaar van die Here se teenwoordigheid by hulle, sy sorg vir hulle en sy vennootskap met hulle.

5 Geen plaasvervanger vir integriteit.

Eerlikheid, deursigtigheid en verantwoordbaarheid vorm onlosmaaklik deel van rentmeesterskap. Die wyse waarop fondse bestuur word, moet vertroue en gerustheid wek. Geen praktyke of lering wat eties twyfelagtig van aard is, moet geduld word.

6 Wend die leraar regmatig aan in die rentmeesterskap-proses.

Die predikant speel ’n onmisbare rol in die skep van ’n kultuur van rentmeesterskap. Die renmeesterskapvisie moet deur die predikant deur die volle jaar lewend gehou . Hy/sy moet kan delegeer en ander betrek by hierdie kollektiewe onderneming. Die leraar speel ’n bemagtigingsrol binne ’n atmosfeer van respek wat lewend gehou word deur ’n teologiese visie van wie ons is en waartoe God ons roep. Die styl wat die leraar openbaar, moet verder tot die vestiging van eienaarskap in die gemeente lei. Terwyl die predikant self ’n voorbeeld van ’n goeie rentmeester moet wees, moet hy/sy ook onbevrees en direk met die gemeente oor geld kan praat.

7 Luister aandagtig, reageer strategies en bedank mense opreg.

Die leiers moet bereid wees om aandagtig na die insette van lidmate te luister en strategies op hulle voorstelle reageer. Dit bevorder ’n atmosfeer van respek en eienaarskap in die gemeente. Verder moet die betrokkenheid van lidmate nie as vanselfsprekend aanvaar word. Opregte waardering vir die praktiese uitleef van rentmeesterskap moet gevier en uitgespreek word.

8 Rentmeesterskap is ’n lewenstyl.

Die vestiging van ’n kultuur van rentmeesterskap sal kwalik posvat as lidmate nie besef dat rentmeesterskap baie meer as bloot die gee van ’n dankoffer behels. Dit is ’n manier van leef voor die aangesig van God wat elke aspek van ons bestaan raak en beïnvloed. Dit is ’n lewenstyl van dissipelskap waar Christus se seggenskap en die Heilige Gees se leiding op elke lewensterrein gesoek en uitgeleef word. Dit behels ’n lewe waar liefde en deernis die motivering vir diens is.

Mag die volgende wens/gebed van Barna ook van toepassing wees op predikante en die gemeentes waar hulle as rentmeesters diensbaar is: ***“May God grant you the vision, the wisdom, the talent and the opportunities to raise up a congregation of people committed to demonstrating their love for Christ and their commitment to His cause through their insistence upon serving as worthy stewards of His resources.” (Barna: 157.)***